

8 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:5-7  
Fokusgedeelte: NGB, Art 23

### **Christus ons geregtigheid – Verneder jou voor God!**

Almal kry met weerstand in die lewe te doen. Ons eie swakheid of onbekwaamheid, ander mense se onwilligheid of onversetlikheid, en selfs die natuur bied weerstand teen ons pogings om in die lewe te vorder. Wat nog erger is, is die ontstellende moontlikheid dat dit dalk God is wat jou weerstaan: “God weerstaan die hoogmoediges” (vers 5). Die Bybel stel dit as ’n feit, ’n geldende geestelike wet, soos swartekrag ’n geldende natuurwet is. Mense wat dus egoïsties leef, hulle eie beuel blaas, magsposisies najaag of selfverryking as lewensdoel het loop vroeër of later in God vas. Hy weerstaan hulle.

Wat het ’n gelowige dan nodig om suksesvol te kan lewe? Ons Skrifgedeelte wys op twee dinge: Jy moet kan BUK en kan GOOI.

Buk onder die roeping wat God op jou lewenspad bring – nie uitsigloos nie, maar positief. Alles moet mos eers deur God se vaderhand gaan voor dit jou kan bereik! Sy vaderhand is liefdevol en kragtig. Buk daarom onder al sy voorskrifte (vers 6), buk onder elkeen wat God oor jou aangestel het (vers 5a), verneder jou en buk ter wille van die nood van ander mense (vers 5b).

Tweedens moet jy kan gooi. Al jou bekommernisse, behoeftes, selfs al jou drome en ideale moet jy op God gooi (vers 7). Biddend moet jy dit vir die Here gee en dit gelowig aan Hom oorlaat. Onthou dat Christus jou geregtigheid voor God is. Hy het aan die kruis alles verdien wat jy nodig het; daarom kan jy jou verneder en jou behoeftes vir God gee. Hy sál sorg (vers 7). Hy sál jou genade gee (vers 5) en Hy sál jou op die bestemde tyd verhoog (vers 6). Dis ’n feit!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*